DIE KERK EN DIE PERS:

Die bal is in die kerk se baan

JOHAN RETIEF

DR JOHAN RETIEF IS 'N VOORMALIGE LEKTOR IN JOERNALISTIEK AAN DIE US EN KENNER OP DIE GEBIED VAN MEDIA ETIEK.

In die ou Suid-Afrika was daar 'n sterk band tussen die Afrikaanse pers en die Afrikaanse kerke, spesifiek die NG Kerk. Sinodesittings het groot blootstelling in die pers gekry, kompleet met foto's van die moderatuur en ander bekendes. Kerksake was nuus.

Ná Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994 het dié prentjie egter verander.

Dit sal 'n interessante studie uitmaak om te bepaal hoeveel dekking (sê per kolom sentimeter) NG-sinodes voor 1994 gekry het, teenoor wat dit nou is. 'n Mens hoef egter nie 'n formele studie te doen om te weet dat nuusdekking heelwat afgeneem het nie. Die redes lê natuurlik voor die hand: weens die proses van demokratisering bestaan die bevoorregte posisie van die kerk, die destydse Broederbond en die ou Nasionale Party nie meer nie – met bepaalde gevolge vir die verhouding van dié instansies tot die pers.

Dit is egter nie net die kwantiteit van nuusdekking wat afgeneem het nie – die inhoud daarvan het ook enigsins verander. Dis nou genuanseerd as vantevore. Meer afstandig. *Kritieser.*

DIE VRAE WAT DIÉ NUWE SITUASIE VIR DIE KERK SKEP, IS:

Is dit goed of sleg?

Hoe om daarop te reageer?

Wat die eerste vraag betref: *Die bevoorregte posisie wat die NG Kerk voor 1994 gehad het, was nooit goed vir die kerk nie.* Wanneer die kerk in die bed klim met 'n bepaalde politieke party, veral die heersende party, raak sy outomaties betrokke in allerlei magsverhoudings. Dan haal sy haar oë amper outomaties van haar diensfunksie af, rasionaliseer sy wat teologies nie gerasionaliseer kan word nie, en verloor sy haar egte empatie met die *underdogs*. Dit kan kwalik goed vir die kerk wees.

Die kerk moet dus die feit dat sy haar bevoorregte posisie afgestaan het, as 'n wins beskou.

Maar terug na die pers. Hoewel dit natuurlik jammer is dat nuusdekking afgeneem het (dis 'n vraag of die Afrikaanse pers nie dalk die pot mis sit met dié benadering nie – sy lesers is steeds oorwegend godsdienstig), kan die kerk gerus die kritieser houding van die pers waardeer. 'n Gesonde, kritiese benadering is altyd goed, en daar is niks wat suggereer dat die pers afbrekend krities teenoor die kerk begin word nie. Sien die kritieser benadering as 'n uitdaging.

Hoe egter gemaak met die nuusdekking wat afneem? Dit is 'n belangrike vraag – soos die kerk, is die pers immers ook 'n belangrike openbare meningsvormer.

Onthou, die pers se eerste vraag wanneer dit by nuusdekking kom, is na die nuuswaardigheid van 'n saak. Berigte ding met mekaar mee om 'n plek in die koerant. As 'n gebeurtenis nie regtig nuuswaardig is nie, of as dit minder nuuswaardig as ander berigte is, is die kans gering dat dit die paal sal haal. Moet dus nie verwag om publisiteit te kry net omdat die kerk die kerk is nie. Dié tyd is hopelik vir altyd verby. Verstaan dat kerkberigte in sigself nuuswaardig moet wees.

Pasop vir ’n wag-en-kyk-benadering. Dan sal niks gebeur nie. Die kerk moet ’n pro-aktiewe benadering volg!

OORWEEG DIE VOLGENDE:

- Ontwikkel ’n nuussin – baie potensiële berigte gaan verlore omdat ’n mens nie altyd op die nuuswaardigheid van gebeurtenisse ingestel is nie.
- Persoonlike kontak met verslaggewers is altyd belangrik. Dit geld vir joernaliste wat by die hoofkantoor werk, sowel as vir korrespondente wat ’n dorp of streek bedien.
- Moenie die gemeenskapspers vergeet nie. Gemeenskapskoerante is dikwels gratis, konsentreer op plaaslike nuus en bereik die hele gemeenskap.
- Reik persverklarings uit. Sinodes kan sake op nasionale of provinsiale vlak, en ringe en gemeentes op streeks- en plaaslike vlak hanteer. Die pers soek dikwels kommentaar – en ’n sin of twee oor sake waaroor die kerk voel sy kan praat, sal altyd welkom wees.
- Sorg dat die pers geskikte foto’s van woordvoerders of gebeurtenisse het.

Maar meer moet gesê word. Die pers beslaan immers (deesdae) net ’n klein onderdeel van die media.

DINK OOK HIEROOR:

- Die radio bereik baie meer mense as die pers. Veral gemeenskapsradiostasies kan nuttig deur gemeentes/ringe aangewend word om blootstelling aan nuuswaardighede te gee.
- Enigiemand kan ’n artikel vir enige tydskrif aanbied. Skryf interessante artikels na tydskrifte soos *Insig* en *Sarie* (en selfs na die forum-blad van *Die Burger* en *Beeld*).
- Gemeentes, ringe en sinodes kan hul eie webwerwe hê. Die internet is gratis, en welwillende lidmate kan gebruik word om die webwerwe op te rig en in stand te hou.

Ten slotte: Die kerk in sy onderskeie vorme kan ’n media-konsultant aanstel wat die breë spektrum van die media met kommentaar, inligting en artikels kan bombardeer. Die koste hieraan verbonde kan aansienlik minder wees as dié van ’n voltydse media-skakelbeampte.

Met so ’n omvattende, pro-aktiewe benadering sal die kerk vinnig uitvind die pers het beslis nie anti-kerk geword nie. Die bal is in die kerk se baan.